# Francois Jacobus van Zyl, hoogleraar 1960-1978

P J van der Merwe & D J C van Wyk
Universiteit van Pretoria

Abstract
Francois Jacobus van Zyl, professor 1960-1978

Professor Francois Jacobus van Zyl (6th May 1913-) served as head of the Department of Science of Religion and Missiology, Faculty of Theology (Sec A), University of Pretoria, during the period 1960-1978. This article (compiled from two previously published articles) contains a short biography, a discussion of his views on theology, Science of Religion, Philosophy of Religion, and Missiology. He is portrayed as a theologian with Barthian convictions. He worked from a broad theological base which can be described as 'theology of the Word'. His primary audience was the Nederduitsch Hervormde Kerk and his theological activities (especially in the period 1960-1983) must be seen in relation to his influential role in the same church.

## BIOGRAFIESE OORSIG

Francois Jacobus van Zyl is op 6 Mei 1913 gebore op die plaas Wonderfontein (langs die Groot-Maricorivier) waar hy ook opgroei. Sy ouers was Francois Jacobus en Maria Magdalena Elisabeth (gebore Nortjé) van Zyl.

* Hierdie artikel is deur Professor P J van der Merwe saamgestel uit twee artikels wat reeds in *HTS* verskyn het:

Van der Merwe, P J 1989. Prof dr F J van Zyl as mens, kerkman en godsdiensfiiosoof. *HTS* 45/2, 6-27.

Van Wyk, D J C 1989. Prof dr F J van Zyl as sendingteoloog. *HTS* 45/2, 38-54.

In die Depressiejare kom hy na die Universiteit van Pretoria om teologie te bestudeer. In 1938 studeer hy af as enigste finalejaarstudent van die Nederduitsch Hervormde Kerk in daardie jaar. Hy is 'n oud-inwoner van Kollege-huis.

Hy word op 28 Mei 1939 in die kerkgebou van Cottesioe as predikant en medeleraar van ds J J Prinsloo in die gemeente Johannesburg georden en op 22 Desember 1939 in dieselfde kerkgebou met Neelsie Steyn in die huwelik bevestig. Hier arbei hy tot 1941.

Hy neem voorts 'n beroep aan na Standerton waar hy as leraar dien tot 1948. In dieselfde jaar aanvaar hy 'n beroep na Lydenburg, maar word vanweë die swak gesondheid van een van hulle kinders verhinder om lank daar te dien.

In 1949 verhuis die gesin na Springs. Hier begin hy met sy doktorale studie en handel die grootste deel daarvan af voordat hy in 1957 'n beroep na die gemeente Wonderboompoort, Pretoria, aanvaar. Wonderboompoort was die laaste gemeente wat hy as 'dominee Van Zyl' sou bearbei. Sy doktorale studie kom hier tot voltooiing. Hy promoveer in 1959 in die Godsdiensfilosofie onder leiding van prof H P Woimarans.

Hy aanvaar in 1960 die benoeming as hoof van en hoogleraar in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd A) in die plek van sy mentor, prof Wolmarans, wat in 1959 aftree-ouderdom bereik het.

Prof FJ van Zyl arbei met vrug gedurende sy ampstydperk van negentien jaar as hoogleraar aan die Universiteit van Pretoria. Nagenoeg 214 teologiese studente ontvang hulle opleiding in die vak Godsdiens- en Sendingwetenskap en deel van hulle predikantsvorming van hom. Dit sluit die grootste deel van die huidige senior predikantekorps in die Hervormde Kerk in. Hy tree ook as promotor op vir die volgende doktorale kandidate: P G Geertsema, H G van der Westhuizen, D J C van Wyk, C J Viljoen, M W Pretorius, P J van der Merwe en P B Boshoff.

In dié tyd vestig hy 'n reputasie van 'n heldere, nugtere en verbeeldingryke denker. Sy deurdagtheid kom vir baie mense voor as dié van 'n filosoof, maar filosoof wou hy nie wees nie – deurdagte gelowige, teoloog en kerkman wel.

Prof Van Zyl was en is steeds iemand met 'n besondere statuur in die kerk. Reeds in 1940 word hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om die gemeentes in Suidwes-Afrika te besoek. Verskeie opdragte volg hierna. Gedurende sy tyd as hoogleraar moet hy verskeie studiestukke vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, asook vir etlike rade, voorberei. Hy openbaar vroeg al 'n belangstelling vir die sending en speel jare lank 'n prominente rol in die sinodale raad wat vandag bekend staan as die Sendingraad. Aanvanklik (vanaf 1948) dien hy as sekretaris en later as gewone lid. So dien hy ook op verskeie ander rade. Hy dien vir bykans vier dekades op die redaksie van *Die Hervormer* en neem

ná die aftrede van dr Joh Dreyer vir 'n tyd lank as redakteur waar. Die Hervormde Kerk se vertroue in sy bekwaamheid word geïllustreer deur sy verkiesing tot ondervoorsitter van die Algemene Kerkvergadering in 1973.

Sy betrokkenheid by sinodale rade en kommissies oor die jare heen strek min of meer oor dieselfde periode waarin die Nederduitsch Hervormde Kerk sy organisatoriese en institutêre beslag kry. Prof Van Zyl het die Hervormde Kerk letterlik sien groei vanaf moeilike Depressiejare deur jare van eksplosiewe uitbreiding tot vandag se gekonsolideerde situasie. Hy het 'n belangrike aandeel gehad in die formulering van prinsipes en praktyk.

Hy bereik die aftree-ouderdom in 1978 en aan die einde van daardie jaar tree hy uit. Dit was nog nie die einde van sy aktiewe loopbaan in die kerk nie. Hy gaan voort om op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (as ondervoorsitter) en op verskillende sinodale rade te dien (tot 1982). Hy aanvaar ook 'n beroep na die gemeente Potchefstroom-Noord waar hy dien tot 1983. In dié jaar bereik hy die verpligte aftree-ouderdom vir predikante (op daardie stadium sewentig jaar). Met aanvaarding van emeritaat verhuis die egpaar terug na Pretoria waar hulle tans nog woon.

## AS TEOLOOG EN GODSDIENSFILOSOOF

Prof F J van Zyl se leeropdrag was die Godsdiens- en Sendingwetenskap. Hy was maar die tweede hoogleraar in die geskiedenis van dié besondere departement en het dus voldoende geleentheid gehad om die grondslae daarvoor te help lê.

Soos met alle bekleërs van tweesitplek-leerstoele moes een vak voorkeur kry in sy wetenskapsbeoefening. Prof Van Zyl se persoonlike voorkeur het klaarblyklik op Godsdienswetenskap en meer spesifiek Godsdiensfilosofie, geval. Dit was in ooreenstemming met die tradisie wat hy geërf het, maar ook met sy persoonlike belangstelling. Dit doen egter nie afbreuk aan die groot bydrae wat hy op sendingwetenskaplike gebied in die Nederduitsch Hervormde Kerk gelewer het nie.

Dit is belangrik om te begryp dat prof Van Zyl hierdie vakgebied vanuit 'n sistematies-teologiese hoek binnegekom en oor jare heen benader het. Soos sy voorganger, prof H P Wolmarans, het hy 'n grondige kennis van die Dogmatiek. Die werke van Karl Barth ken hy goed – trouens, die stelling kan gemaak word dat prof Van Zyl een van die eerstes in die Nederduitsch Hervormde Kerk was om intensief van Barth se teologie kennis te neem. Vroeg in die veertigerjare kry hy opdrag van die Predikantevergadering om die Skrifbeskouing van Barth te bestudeer. Dit loop uit op voordragte, artikels in *Die Hervormer* (1944-1945) en die *Hervormde Teologiese Studies* (1944:124-135) en 'n boekie getiteld *Die Boek van alle boeke: Ons Bybel*

(1948). (Oor sy bydrae tot die debat oor Skrifbeskouing in die Nederduitsch Hervormde Kerk word later gehandel.)

Prof Van Zyl het verder 'n besondere aanvoeling vir die teologie van Emil Brunner. In sy waardering vir Godsdienswetenskap en meer spesifiek Godsdiensfilosofie het hy nader aan Brunner gestaan as aan Barth. Hy het hom daarin ook laat beïnvloed deur die vroeë Kraemer.

**Die plek van Godsdienswetenskap en Godsdiensfilosofie**

Oor die bestaansreg van Godsdienswetenskap in die Fakulteit Teologie beroep prof Van Zyl hom onder andere op Hendrik Kraemer: So lank daar nie-Christelike godsdienste in die wêreld bestaan, impliseer hulle 'n uitdaging aan die bestaansreg, selfverstaan en waarheidsbesef van die kerk. Die kerk en teologie kan sulke godsdienste nie ignoreer nie, want dan loop hy gevaar om sy apostoliese inslag te verloën en, erger nog, wêreldvreemd te word. Dit sluit in die eerste plek die noodsaak in om te weet wat godsdiens en die verskillende godsdienste inhou en daarom moet Godsdienswetenskap deel van die teologiese kurrikulum bly (Van Zyl 1973:144).

Hy het die metodiese beginsel van onpartydigheid en wetenskaplike eerlikheid in godsdienswetenskap verdedig, maar het sterk daaroor gevoel dat die vak in die Fakulteit Teologie sy aandeel moes neem in die nastrewe van teologie se evangeliese bedoeling en oogmerk. Net soos Kerkgeskiedenis sou Godsdienswetenskap belangrike metodologiese ooreenkomste met sy geesteswetenskaplike teenhanger kon vertoon, maar onmiskenbare teologiese momente sou ook daarin na vore kom. Anders as Kraemer het hy egter nie gemeen dat teologie sy eie 'teologiese godsdienswetenskap' moes opbou nie (Van Zyl 1973:155).

Die eksplisiet teologiese aspek kom in Godsdiensfilosofie na vore.

Die plasing van Godsdiensfilosofie in samehang met Godsdienswetenskap lyk vir ons vandag wat in dié tradisie opgelei is, na 'n logiese keuse, maar vroeër (en in die lig van die ensiklopediese indelings wat elders in die teologiese wêreld gevolg is en word) was dit nie so vanselfsprekend nie. So was dit meer gebruiklik om dit as 'n onderafdeling van Dogmatiek of Sistematiese Teologie te hanteer, dikwels as 'n opvolger van die ou 'theologia naturalis' of as 'n wisselvorm van Apologetiek. Dit is moontlik dat die plasing daarvan in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap meer te doen gehad het met die persoonlike bekwaamhede van prof Wolmarans en die doseersituasie wat in die beginjare van die Fakulteit gegeld het, as met metodologiese en ensiklopediese oorwegings. Dit is nogtans die situasie wat prof Van Zyl aantref, wanneer hy die leerstoel oorneem. Oor die jare het dit geblyk 'n

gelukkige opset te wees en vandag des te meer so wanneer gangbare metodologiese en ensiklopediese debatte in aanmerking geneem word.

Prof Van Zyl sien Godsdienswetenskap en Godsdiensfilosofie as aparte dissiplines (Van Zyl 1973). Hy het egter mettergaan al meer tot die oortuiging gekom dat die twee dissiplines in die teologiese fakulteit in noue verband met mekaar beoefen moet word en dat Godsdiensfilosofie, beoefen as teologie, die brug tussen Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap is (Van Zyl 1973:143).

Baie hang natuurlik af van wat onder 'godsdiensfilosofie' verstaan word. Prof Van Zyl het hom van die staanspoor af daarop toegelê om die taak van Godsdiensfilosofie uit te spel. 'n Godsdiensfilosofie wat niks anders is as 'n spekulatiewe natuurlike teologie nie, het hy resoluut afgewys. Hy sien in dat daar bestaansreg is vir 'n soort fundamentele godsdienswetenskap, wat hy 'fenomenologie van die godsdiens' noem, maar meen dat dit dan nie teologie kan wees nie (Van Zyl 1973:150). Op 'n stadium het hy die moontlikheid oorweeg dat so-iets as 'n fundamentele godsdienswetenskap in die abstrakte laag van Godsdiensfenomenologie gehuisves kan word, maar sover skrywer se kennis strek, het hy dit nie verder uitgewerk nie.

Hy erken ook die bestaansreg van 'n 'filosofiese godsdiensfilosofie' en tipeer die pogings van Paul Tillich as sodanig. Uiteraard is dit ook nie teologie nie en kwalifiseer dit nie vir opname in die teologiese ensiklopedie nie (Van Zyl 1973:150).

Die godsdiensfilosofiese ontwerp waarmee hy hom identifiseer, vind hy by Emil Brunner: Godsdiensfilosofie is enersyds die plek waar die teologie die verskynsel van die godsdiens vir homself uitmaak en daarmee in gesprek verkeer en andersyds met die filosofie in gesprek verkeer. Sentrale vraagstellings is die bepaling van die verhouding tussen openbaring en godsdiens, en openbaringswaarheid en algemene waarheidsbewussyn (Van Zyl 1973:152).

Weliswaar het Brunner waarskynlik aan 'n vak in die dogmatiese groep gedink toe hy sy *Religionsphilosophie evangelischer Theologie* geskryf het. Van Zyl het besef dat die gesprek met die filosofie, soos in die geval van Barth se *Kirchliche Dogmatik*, ensiklopedies by Dogmatiek tereg kon kom. Die feit dat Dogmatiek egter nie so deur sy kollega, prof B J Engelbrecht, aangebied is nie, was des te meer rede waarom hy Godsdiensfilosofie so kon aanbied.

## Gesprek met die godsdiens

Die eerste plig van Godsdiensfilosofie sou wees om 'n *theologia religionis* uit te werk, die hoogtepunt van 'n godsdienswetenskap binne teologiese verband. Prof Van Zyl het die term 'theologia religionis' nie gebruik nie, maar dit is waarop hierdie aspek van sy beskouing van Godsdiensfilosofie neergekom het: '[Dit is] nodig dat 'n mens

die stuk geesteswêreld wat deur godsdiens...bepaal word, goed sal ken en verstaan. Ons bedoel nie verstaan in die fenomenologiese sin nie, maar in teologiese sin, dit wil sê in die lig van die openbaring' (Van Zyl 1973:154).

In sy beskouing van godsdiens is hy geheel en al Barthiaans. Hy werk met die onderskeid tussen godsdiens en evangeliese geloof. Godsdiens is niks meer as 'n kulturele verskyningsvorm nie. Dit is van die mens, 'n menslike en tydelike poging om na die ewige en goddelike waarheid te reik. Geloof in God soos geopenbaar in sy Seun is 'n wonderlike en mistieke werklikheid wat nie die resultaat van ons inisiatief en vermoë is nie. In die wese van die saak gaan geloof terug op 'n lewende verhouding met God soos geopenbaar in sy Seun, 'n verhouding wat deur Hom geïnisieer is. Geloof is egter nie iets wat op ons afgedruk word nie, want dit is ook ons antwoord op God se Woord.

Prof Van Zyl vereenselwig hom so sterk met die Barthiaanse posisie dat hy selfs neig om die woord 'godsdiens' te vermy wanneer hy op enige wyse na die kerk of na die Christenheid verwys. In hierdie opsig was hy meer rigoristies as sy voorganger, prof H P Wolmarans (self iemand met waardering vir die Dialektiese Teologie), wat gemeen het dat daar tussen 'godsdiens' en 'religie' onderskei kan word en dat 'godsdiens' binne kerklike en Christelike kader wel bruikbaar was. Dit moet toegegee word dat so 'n onderskeid ietwat kunsmatig en onsemanties is. Wanneer sy standpunt oor volkskerk en inheemswording (hier onder bespreek) in aanmerking geneem word, val sy vermyding van die term 'godsdiens' in die verband van die kerk nogtans vreemd op.

Die Barthiaanse onderskeid tussen godsdiens en geloof is vir prof Van Zyl niks minder as 'n godsdiensteologiese paradigma nie. Wanneer daar ook al op enige manier toegegee word dat godsdiens en geloof as uitwisselbare begrippe gebruik kan word, word die poorte oopgegooi vir godsdiensteologiese relativisme. Die kernsaak is die absolute uniekheid van Jesus Christus en sy openbaring van God se wese. 'Geloof' het slegs betekenis as dit na Hom verwys. W Cantwell Smith moet toegegee word dat geloof as godsdiensfenomenologiese saak geen unieke verskynsel is nie. Dit gaan egter nie daarom dat godsdiens en geloof as verskynsels met mekaar vergelyk word nie en wie Barth so verstaan, het hopeloos misgetas.

Dat die *theologia religionis* een van die fundamentele sake in die teologie is, word geïllustreer deurdat teologie en kerk dan beskryf word as sake wat hulle uitgangspunte nie in die Christelike godsdiens neem nie, maar in openbaring en geloof (bv Van Zyl 1973). Dit stel prof Van Zyl nie alleen in beginsel nie, maar hy leef dit ook uit. In 1942 behandel hy byvoorbeeld in die *Almanak* die vraag watter verantwoordelikheid die kerk teenoor die volk het (Van Zyl 1942a). Eers vra hy: 'Wat is eintlik 'n volk?' Hierop bespreek hy die twee woorde wat in die Bybel gebruik word

om 'volk' aan te dui: Die een woord word gebruik vir volkere van die wêreld, bepaal deur ras, bloed en bodem. Die ander woord word uitsluitlik vir die volk van God, die kinders van die verbond gebruik. Dan skryf hy verder:

> Die roeping van ons Kerk teenoor ons volk kan geen ander wees nie as om aan die volk te verkondig wat haar roeping is in en deur Christus en dit alleen deur die prediking van die Evangelie volgens die Skrif. Die taak van ons Kerk (teenoor ons volk) is 'n sendingtaak... Wanneer die eerste en hoogste verlange van elke lid van die volk is dat die hele volk van God mag wees, dan eers word die ware, Christelike, geheiligde nasionalisme gebore.

Dit moet in aanmerking geneem word dat hierdie woorde geskryf is in 'n tyd toe nasionalisme onder Afrikaners in 'n hoogbloei verkeer het en allerweë en sondermeer as 'n deug beskou is. Hoewel 'burgerlike godsdiens' eers in die sewentigerjare 'n modewoord geword het, het Van Zyl toe al die gevaar van so-iets aangevoel en op hierdie duidelike wyse daarteen gewaarsku. Dieselfde onderskeiding kom ook in baie ander artikels na vore (bv Van Zyl 1941, 1942b, 1951, 1951/1952, 1953).

Dit wil egter nie sê dat hy volksheid as 'n onbelangrike saak beskou het nie. Dit is bekend dat hy 'n vername rol gespeel het in die formulering van die *Herderlike Skrywe* wat na die Algemene Kerkvergadering van 1973 uitgegee is. Die sterkste argument wat nog in die Nederduitsch Hervormde Kerk gebruik is om die volkskerk en Artikel III te verdedig, word in hierdie skrywe aangetref. Aangesien dit 'n sinodale dokument is, sou dit egter verkeerd wees om dit sondermeer as 'n eksemplaar van sy teologiese denke te beskou.

Dit kan nogtans beweer word dat hy die evangelie en kerk allermins antiteties teenoor volk en kultuur sien. Trouens, evangelie en kerk wil die volk juis kersten en so red. Dit vorm ook die basis van sy beskouing oor die inheemswording van evangelie en kerk. Dit geskied wanneer die evangelie deel geword het van die hart en gees van 'n volk en uitgedruk word in die taal en terme wat in so 'n kultuur leef. Die vorm en struktuur van 'n inheemse kerk is nie vooraf te voorspel nie, omdat dit die vrug van 'n lewende groeiproses is.

Kritici sou daarop kon wys dat hy hier veel nader aan Brunner as aan Barth staan en dat die afstand tussen godsdiens en geloof wat hy so sterk stel, hiermee enigermate onder druk kom.

Die 'gesprek met die godsdiens' sluit die gesprek met nie-Christelike godsdienste in. Van Zyl sou dit toegee, maar het by verskillende geleenthede sy teenkanting uitgespreek teen die gedagte dat so 'n intergodsdienstige gesprek in die plek van die sending kom (bv Van Zyl 1977). Die gedagte van 'n 'wyere ekumene' wys hy volstrek af as 'n moderne sinkretistiese neiging.

Gesprek met die filosofie

Die ander funksie van Godsdiensfilosofie (volgens die Brunner-model) is die 'gesprek met die filosofie'. Soos Barth het Van Zyl taamlike bedenkinge oor die plek van filosofie op teologiese werf gehad. Sommige van sy kritici het gevoel dat hy dit teen filosofie as sodanig het, maar dit is onwaarskynlik. Hy het dikwels die bestaansreg van filosofie en selfs 'n 'filosofiese godsdiensfilosofie' toegee (bv Van Zyl 1973:150). Hy het boonop raakgesien dat Barth in sy voortdurende gesprekvoering met filosofiese idees en standpunte 'n bepaalde status daaraan toegeken het.

Prof Van Zyl was van mening dat Barth (wat die Godsdiensfilosofie skerp afgewys het) in sy *Kirchliche Dogmatik* 'n navolgbare model gebied het vir die godsdiensfilosofiese gesprek met filosofie wat Brunner bepleit het. Die bedoeling van so 'n gesprek is om onnodige struikelblokke op die pad van die evangelie deur die wêreld uit die weg te ruim (Van Zyl 1973:154). Die boodskap en prediking van die evangelie word in gesprek met die filosofie op nuwe maniere gesê en uitgespel. Natuurlik waag enigiemand wat 'n evangeliese gesprek met iemand buite die kerk aanknoop, heelwat. Die inherente waarheid van die evangelie en die getuienis van die Heilige Gees dra egter die gelowige gesprekvoerder.

Die gesprek het ook 'n eristiese aspek. Dit wil 'die weerstand, die besware en die bedenkings van die godsdienstige gevoel en van die "hoogmoedige self-versekerde rede" [Brunner] teen die evangelie, wat altyd 'n prysgawe van alle menslike sekerhede eis, ten minste in hulle voorlopigheid en hulle twyfelagtigheid probeer onthul' (Van Zyl 1973:154).

Van Zyl het Tillich se werke met belangstelling gelees. Hy het die 'korrelasiebenadering' van Tillich interessant gevind, maar gemeen dat die evangeliese teologie daardeur gevaar loop om aan die geesteswetenskaplike geleerdheid (en so aan die natuurlike teologie) uitgelewer te word. Tillich stel dat filosofie en teologie in die laaste instansie om dieselfde saak gaan, naamlik 'ultimate being'. Daarom is filosofie wat gehoorsaam is aan die universele *logos*, in harmonie met teologie wat gehoorsaam is aan die *Logos* wat vlees geword het. Hy stel die volgende vrae aan Tillich:

* As Tillich God die grond van die syn noem, staan dit in spanning met die Bybelse gedagte dat God die Skepper van die syn is. Tillich se denke moet uiteindelik na panteïsme voer. (Dit is interessant dat Tillich teen die einde van sy lewe dan ook 'n groot respek vir die Boeddhisme ontwikkel het.)
* Deur *Logos* en *logos* gelyk te stel, word afbreek gedoen aan die persoon en mensheid van Christus. Die evangelis Johannes interesseer hom nie in 'n idee nie, maar slegs in die konkrete *Logos* wat vlees geword het. Tillich verleen 'n skynerkenning aan die ware *Logos*, want sy skema ontneem Hom sy goddelike

werklikheid en maak van Hom 'n idee wat maklik ingepas kan word in filosofiese konstruksies.

* Sal die filosofie, soos voorsien in die ontwerp van Tillich, bereid wees om hom van die teologie te laat leer in die beantwoording van vrae? Die vermoede is nee! Filosofie sal wil meespreek en uiteindelik die teologie wil laat buikspreek (Van Zyl 1978a).

Prof Van Zyl het nogtans aanvoeling vir die klassieke vraag na die aard en plek van teologie binne die kader van die geleerdheid. Teen die einde van sy loopbaan het hy die moontlikheid van 'n Christelike filosofie (buite die teologiese fakulteit) skoorvoetend begin toegee, wat moontlik daarop dui dat hy die verband tussen teologie en die geesteswetenskap op meer as een vlak aangevoel het en ingesien het dat dit verkeerd is om die geleerdheid en die wetenskap aan sekularistiese denkwyses en waardes prys te gee. Hy het egter nie die vraag hanteer waarom teologie in die Westerse tradisie hom konsekwent in die geleerdheid tuismaak en of die verband daarmee 'n prakties/pragmatiese, 'n bloot historiese of dalk 'n histories-simbiotiese verband is nie. Dit is 'n vraag wat deur die metodologiese herbesinning van teoloë ná Brunner, Barth en Tillich na vore gebring word en maak deel uit van 'n fase wat as 't ware ná Van Zyl kom. Die vermoede bestaan egter dat die paradigma van sy teologiese denke (met enkele aanpassings hier en daar) dit ook sou kon hanteer. Barth demonstreer byvoorbeeld in sy voortdurende *Auseinandersetzungen* met die filosofie dalk 'n relasie tussen teologie en geleerdheid wat meer as toevallig of histories is .... In sy denke oor die inheemswording van kerk en teologie kom prof Van Zyl ook baie na daaraan om hierdie vraagstelling te hanteer.

**Teologie van sekuralisasie**

Die Godsdiensfilosofie interesseer hom ook in die lewensbeskoulike tendense van sy tyd. Die sestigerjare het die opkoms gesien van histories-geïnteresseerde teologieë, waarvan die belangrikste sekerlik die sogenaamde 'heilshistoriese teologie' was. Prof Van Zyl het ekstensief hieroor nagelees en stel die denke van teoloë soos Gogarten, Berkhof, Van Leeuwen, Cox en andere bekend in 'n voordrag voor die Predikantevergadering en artikels in *Die Hervormer* en die *Hervormde Teologiese Studies*. Hy het gestel dat iets soos sekularisasie in sy grootste historiese ontwikkelingsverband gesien moet word en dat die aandeel van die kerk en sy verkondiging daarin nie misgekyk moet word nie. Die opkoms van sekularisasie in die verskillende lewensterreine is nie die doodsklok vir die kerk nie, maar juis een van die gevolge van die kerk se verkondiging. Dat dit groot en nuwe uitdagings aan die kerk gaan stel, is duidelik, maar dit kan net so wel daartoe lei dat die kerk opnuut ontdek dat

sy wese nie daarin geleë is dat hy 'n godsdienstige gemeenskap is nie, maar 'n evangeliese geloofsgemeenskap. Om kerk in 'n gesekulariseerde wêreld te wees, beteken dat nuwe dimensies van kerkwees en gelowige gehoorsaamheid na vore kan kom.

Soos later aangedui sal word, het hy nogtans krities gestaan teenoor sommige missionêre implikasies wat uit die heilshistoriese teologie en die sogenaamde teologie van die sekularisasie voortgevloei het.

## Samevatting

Prof Van Zyl se beskouing van Godsdiensfilosofie kan soos volg saamgevat word. Dit moet die grensgebied tussen die teologie enersyds en die godsdiens, kultuur en geleerdheid andersyds patrolleer en help toesien dat die wisselwerking wat voortdurend in hierdie area plaasvind, nie daartoe lei dat die teologie van sy ele aard en roeping vervreemd raak nie. Godsdiens, kultuur en geleerdheid maak van die belangrikste groothede van ons wêreld uit en 'n aktuele teologie kan nie vermy om voortdurend daarmee in gesprek te wees, homself daaroor en daarteenoor te verantwoord en die implikasies van die evangelie daarvoor uit te spel nie. Godsdiensfilosofie is nie alleen vanweë sy aard en roeping betrokke by hierdie aktiwiteite nie, maar is ook van al die teologiese vakke die beste toegerus om as onderskeier van geeste in hierdie area diens te doen.

## AS SENDINGTEOLOOG

Prof Van Zyl se deurdagte styl van teologieboefening kom ook duidelik na vore in sy aanbieding van Sendingwetenskap. Op sy rustige en wyse manier doen hy baie in publikasie en optrede om 'n meer gunstige gesindheid in die Nederduitsch Hervormde Kerk teenoor sending te laat posvat.

Sy sendingteologie klink in 1989 verbasend vars en op datum. Bykans geeneen van sy uitsprake is verouderd of irrelevant nie. Die radikale omwenteling en afwyking sedert 1961 het hy uit die staanspoor raakgesien en skerp ontmasker en omlyn.

Prof Van Zyl se sendingteologie kan met 'n paar stellings tipeer word. Sy sendingteologie is gebou op 'n baie breë teologiese basis wat as 'teologie van die Woord' omskryf kan word. Hy het sy kerk en sy studente geleer om prinsipieel te dink, en altyd weer terug te gaan na die Woord om van daar uit teologie te beoefen.

Soos sy persoon, word sy sendingteologie gekenmerk deur 'n gesonde ewewigtigheid. Van mense, hulle werk en moontlikhede verwag hy maar min. Van God, van sy werk en krag en van die verkondiging van sy Woord verwag hy alles. Soos die

geheel van sy teologie, is sy sendingteologie gewortel in die versoeningswerk van Jesus Christus. Hy gaan in sy teologiese denke altyd daarheen terug. Nadat hy en 'n paar ander predikante in 1952 'n besoek aan die sendingveld in Natal gebring het, skryf hy in 'n berig in *Die Hervormer*:

> Ons het op ons terugreis ook in eerbiedige stilte gaan staan by die Blaauwkrans-monument, waar die bloed van die Voortrekkers deur Zoeloe-asgaaie gevloei het. Ons was met dankbaarheid gevul by die gedagte dat daar aan die Zoeloes ook deur toedoen van ons kerk van 'n ander bloed vertel kan word, wat van beter dinge spreek (Heb 9,10).
>
> (Van Zyl 1952:7)

Wat verder in hierdie artikel volg, sal hierdie kenmerke en voorlopige tipering van Van Zyl se sendingteologie staaf.

## Skrifbeskouing en Skrifgebruik

Prof Van Zyl se teologiese invloed het verder gestrek as die vakgebied waarvoor hy uiteindelik verantwoordelikheid moes aanvaar. Soos reeds genoem, wy hy hom vroeg in sy predikantsloopbaan aan 'n studie oor Skrifbeskouing wat uiteindelik in verskeie publikasies gedurende die veertigerjare uitgeloop het. Ds Joh Dreyer stel in die voorwoord tot *Die Boek van alle boeke* dat wat aangebied word, nie die Skrifbeskouing van die Nederduitsch Hervormde Kerk is nie, maar van Karl Barth. Tog het Van Zyl se eie Skrifbeskouing ook reeds in die betrokke publikasie na vore gekom wat blyk uit sy kritiek op Barth se kanonbeskouing. Dit kom nog duideliker na vore in 'n reeks opvolgartikels gedurende 1969 in *Die Hervormer* (jrg 60) en die publikasie wat daaruit voortgevloei het (*Ken jy die Bybel?*) waarin hy dieselfde onderwerp behandel, nou as die vrug van deurleefde nadenke en in die lig van resente navorsing en standpunte.

Die Bybel is die menslike getuienis van die openbaring. Op sigself is die Bybel nie die Woord van God nie, maar moet dit altyd weer word. Deurdat die Bybel vir ons openbaring word, is dit die Woord van God. Maar ons het hierdie Woord van God nie anders as die menslike woord van die Bybelgetuies nie. Wanneer ons met die Bybel te make het, het ons met hierdie medium, met hierdie menslike woorde te make, wat as sodanig nie die openbaring is nie maar van die openbaring getuig. Met instemming haal prof Van Zyl die volgende tipering van die Barthiaanse teologie aan:

> Iemand het die Barthiaanse teologie gekarakteriseer as die uitwerking van die enkele sinnetjie: Uit die geloof lewe beteken genade. Dit is ook van toepassing op Barth se Skrifbeskouing. Die geheel draai om drie woorde: God, genade, geloof. Dis alleen genade dat ons deur die geloof God in die Skrif kan ken. God is vir Barth die onbekende God, ook in die Skrif. Dis 'n negatiewe uitspraak, maar gelaai met positiwiteit: Ons ken God nie, maar God ken ons. Die Bybel is nie mensgedagtes oor God nie, maar God se gedagtes oor die mens. Die inhoud van die Bybel, sê Barth, is God. Oor die inhoud van hierdie inhoud kan ons alleen maar stamel. Hy is meer, groter en hoër as die hoogste en skoonste waarvan ons kan dink of droom. Van hierdie God spreek die Bybel, en in hierdie Bybel is die lewenskrag van die Kerk. Ons trou aan God is geleë in ons trou aan hierdie Boek.
>
> (Van Zyl 1944:134)

In 'n tyd toe 'n prekritiese fundamentalistiese Skrifgebruik algemeen gangbaar was in die Afrikaanse kerke en teologie (veertigerjare), stel Van Zyl dus 'n Skrifbeskouing wat die moderne Bybelwetenskap in 'n groot mate geantisipeer en verdiskonteer het. Baie van die vrae wat vandag weer in die Nederduitsch Hervormde Kerk geopper word, het hy toe al deurgedink en uiteengesit. Die stelling kan trouens gemaak word dat dit op daardie stadium ook stilswyend aanvaar is as die standpunt van die Hervormde Kerk. Dit blyk dat hy ook in hierdie belangrike saak baanbrekerswerk verrig het.

Prof Van Zyl se teologie self is reeds bestempel as 'n 'teologie van die Woord'. Vanuit die teologie van die Woord moet elke ander teologie gekonfronteer word om vas te stel of dit wel gehoorsame spreke van die openbaring van God is. En vanuit sy teologie van die Woord verwerp Van Zyl dan alle moontlikhede van 'n kontinue verhouding tussen God en mens, ongeag of dit die moontlikhede is wat deur die piëtisme, die rasionalisme of die Rooms-Katolieke teologie gelê is.

> Dat dit om 'n verhouding en nie om 'n syn gaan nie, word duidelik vanuit die herstel van die beeld in Jesus Christus, deur die geloof in Hom, die gemeenskap met Hom, die liefdesverhouding tot die Middelaar, die Woord wat vlees geword het. As die Rooms-Katolieke Kerk vashou aan 'n natuur wat deur die sonde bloot verwond is, om sodoende die kontinuïteit, die ontwikkelingsmoontlikheid vanuit die mens te handhaaf, beteken dit dat daar nie werklik erns gemaak word met die feit van die sonde as radikale breuk tussen God en mens nie. Oor hierdie breuk heen is daar geen kontinuïteit moontlik nie, naamlik dit wat as 'n wonder van Gods genade gelê word in die Middelaar tussen

> God en die mens. Die mens het geen eie moontlikheid vir die Godsverhouding en die Godskennis wat as selfstandige besit betrag kan word nie, maar hy het dit alleen in die wonderwerklikheid daarvan in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees.
>
> (Van Zyl 1959:154)

Omdat God nie 'n abstrakte syn is nie maar 'n lewende, persoonlike God wat 'n geskiedenis met die mens het, kan Hy alleen geken word as Hy Homself bekend maak. Kennis van God word geskenk. Dit is geen eie-moontlikheid van die mens nie. Op grond van dié insig uit die Bybel verwerp Van Zyl enige gedagte aan 'n vorm van natuurlike Godskennis en natuurlike teologie.

Hy stel verder dat die regte Skrifbeskouing deurslaggewend is vir die regte fundering van die sending. Hy verwerp die biblisistiese Skrifbeskouing waar daar ywerig gesoek is na sendingtekste, sonder om te luister na die getuienis van die Bybel in sy geheel. Om te verstaan wát sending is, moet na die getuienis van die hele Bybel geluister word. Sowel die eenheid as verskeidenheid van die Ou en Nuwe Testament moet erken word. Die een kan nie sonder die ander verstaan word nie. Wat die getuienis van die Nuwe Testament aangaande die sending betref, is daar baie wat eng by die Ou Testament aansluit. Daar is egter ook baie dinge wat ver bokant die Ou-Testamentiese verwagting uitgaan en totaal nuut is.

## Sendingfundering

In die fundering van die sending gaan dit vir prof Van Zyl nie om die vraag wáárom die kerk sending moet doen nie, maar alleen om die vraag wát sending wesenlik is. Daar is ook nie 'n dubbele fundering van die sending nie, maar slegs 'n Bybelse.

As daar, in 'n poging om te sê wat sending werklik is, gehoorsaam na die hele Skrif geluister word, kan daar meer as net 'n paar missionêr-klinkende uitsprake in die Ou Testament gevind word. Die Ou Testament het 'n universele boodskap wat op die wêreld gerig is en wat vir alle volke geld (Van Zyl 1972a:15). Genesis 1-11 vorm 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die universele boodskap van die Ou Testament (Van Zyl 1970:61). Die missionêre betekenis van hierdie Skrifgedeelte word gevind in die getuienis dat die genadige bemoeienis van God met 'n sondige, skuldige, veroordeelde en verstrooide mensheid voortgesit word in die geskiedenis van die geroepe Godsvolk. Hoewel Israel onder die volkere verkies word om die heilige volk van God te wees, beteken dit nie dat die res van die volkere deur Jahwe verwerp is nie. Jahwe se selfbekendmaking aan sy volk is juis op hulle gerig. In sy handeling met Israel is God ook besig met die nasies. Israel word nie opgeroep om die wêreld in te trek en die heidene tot bekering te roep nie. Die bestaansrede vir

die volk van God is om in die wêreld, te midde van die volkere, aanwesig te wees. Deur sy bestaan is Israel 'n verkondiging en heenwysing na God aan wie hy alles te danke het. Deurdat Israel deur die heerlikheid van God verlig is, is hy die lig vir die wêreld. Dit gaan egter nie om 'n menslike aktiwiteit, nie die menslike werksaamheid van verkondiging op die voorgrond nie, maar God se dade tot verlossing van Israel. Hierdie verlossing van Israel het egter konsekwensies vir die heidene. Reeds hier vind Van Zyl 'n eskatologiese dimensie in die sending. Die heidene sal na Jerusalem kom as antwoord op die dade van God in Israel. Dit is egter 'n eskatologiese gebeure wat eers aan die einde van die dae sal plaasvind. Dan sal die lot van die nasies beslis word, òf in hulle kom na die Here òf in hulle weiering om te kom.

Wat die fundering van die sending in die Nuwe Testament betref, vind Van Zyl dit veral in die prediking en werk van Jesus en Paulus. Die uitspraak van Jesus in Matteus 10 en 15 wat soms partikularisties opgeneem word, moet nie so verstaan word nie, maar veeleer as aanduiding dat Jesus Hom gehou het aan die historiese samehang van die openbaring en dat sy optrede in 'n eskatologiese raamwerk verstaan moet word. Die koms van Christus beteken die bekendmaking van die universele ryk van Jahwe en die vervulling van die koninkryksbelofte van die Ou Testament. Dit is egter nog nie die einde nie, want daar volg 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Israel en die wêreld. Hierdie uitbreiding in die tyd is belangrik om die taak van die kerk te verstaan. Die einde van die tyd word opnuut voorwerp van toekomsverwagting. Volgens die gelykenis van die saaier is daar tyd nodig om die vrugte wat ryp word, in te samel. Daarin lê die vooronderstelling vir die prediking van die evangelie aan die volkere. Die opdrag om dissipels van al die nasies te maak, is die nuwe van die Nuwe-Testamentiese sending teenoor die getuienis van die Ou Testament (Van Zyl 1972a:26). Sending is die bekendmaking van die heerskappy van Christus oor al die nasies. Die bediening van die versoening wat aan die kerk opgedra is, het 'n wêreldperspektief (2 Kor 5:19). Daarom moet die kerk daarteen waak om dit nie slegs 'n binnekerklike taak te maak nie. In alles wat hy is en doen, moet die kerk op die wêreld gerig wees. Sy sendingaksie is nie slegs 'n byvoegsel by sy gewone handelinge nie, maar dit behoort wesenlik tot hom kragtens sy roeping as kerk van Christus.

Sending is die werk van God. Dit is gegrond in die heilswerk van God. Jesus Christus is die middelpunt van hierdie heilswerk. God wil dat die wêreld gered word. Hy skep die hele heil deurdat Hy sy Seun tot Heer maak. God sorg egter nie net vir die heil nie. Hy besorg dit ook aan die wêreld. Hy doen dit deur die heerskappy van Christus deur mense te laat verkondig. Dit is nie die menslike getuienis wat die heil skep nie. God maak daarvan gebruik om die heil te laat tuiskom by die wêreld.

Die hart van die sending word vir Van Zyl dus in die evangelieverkondiging gevind. Al word daar in die Bybel soms ook ander woorde in verband met die sending gebruik, vind hy in die Nuwe Testament 'n wolk van getuies vir die uitdrukking 'verkondiging van die evangelie'. Dit beteken nie vir hom dat die kerk geen oog sal hê vir die tydelike nood van mense nie: 'Geïnkorporeer in die drievoudige diens van die kerk is daar wel plek vir hulpdiens, maar dan as diens van barmhartigheid wat sy tuiste by die diakonaat en nie by die apostolaat het nie' (Van Zyl 1972b:178).

Sendingteoloë is vandag baie lief vir die gebruik van die begrip 'holisme' om die wye, omvattende inhoud van die sending ten opsigte van fundering, doel en benadering te beskryf. Soos met alle ander filosofiese begrippe, sou Van Zyl waarskynlik ook hierdie een nie maklik gebruik nie. Maar die inhoud van wat vandag met holisme aangedui wil word, was reeds veertig jaar gelede vir hom vasstaande teologiese insig: dat die sendingtaak in die hele Skrif gefundeer is, dat die evangelieverkondiging op die hele wêreld gerig is, dat sending die taak van die hele kerk is.

### Sendingdoel

Tussen die fundering en die doel van die sending bestaan volgens Van Zyl 'n noue betrekking. As dit in die fundering gaan om die wesenlike vraag wát sending is, kan die doel van die sending niks anders wees as om sending, soos in die fundering bepaal, te verwerklik nie. Net soos die versoening wat op Golgota volbring is universeel is, só dra ook die doel 'n wye, universele, wêreldomvattende karakter.

Kortliks saamgevat: Die doel van die sending is volgens Van Zyl om die wêreldheerskappy van Jesus Christus te dien en te proklameer (Van Zyl 1973:7). In hierdie formulering van die doel van die sending kom 'n paar wesenstrekke van prof Van Zyl se teologiese arbeid weer strek na vore.

In die eerste plek is daar 'n refrein wat dwarsdeur sy werk klink: *Sending is verkondiging*:

> Kortliks saamgevat kan ons sê dat die universele heilsgebeure op Golgota geaktualiseer moet word in die wêreld en dit geskied alleen deur die prediking van die evangelie van versoening waardeur mense hulle lewe toevertrou aan Hom aan wie alle mag gegee is in hemel en op aarde. Die verkondiging is niks anders nie as die proklamasie van die heerskappy van Christus.
>
> (Van Zyl 1973:6)

Die tweede is die ewewigtigheid in sy teologiese besinning wat hom in staat stel om reaksionêre en afwykende ontwikkelings in die moderne sendingteologie onmiddellik raak te sien. Teenoor die uitsprake van sendingteoloë, naamlik dat numeriese

groei vanweë die huidige situasie van die kerk in die wêreld nie as doel van die sending kan geld nie, stel hy dat numeriese groei wel vir die kerk noodsaaklik is, byvoorbeeld in die lig van Handelinge 2:47. Dit is nogtans nodig dat die kerk moet onthou dat hy in sy sendingwerk nie net altyd met homself, sy eie grootheid en uitbreiding besig is nie, maar dat hy in diens van die koninkryk op die hele wêreld gerig moet wees. Dit beteken egter nie dat numeriese groei van die kerk van geen belang is nie. Volgens die getuienis van die apostels is die kerk wel sigbaar en groei hy ook. Die seën van die Here in die verkondiging bewerk iets. Die gemeente groei en word versterk (Rom 15:29). Die sending wat 'n saak van geloof tot geloof is, beteken altyd ook 'n vermeerdering van die kerk in die wêreld. Die uitbly van sukses en uitbreiding kan ook die gevolg van ongehoorsaamheid aan die taak en opdrag wees.

Nog 'n voorbeeld is Van Zyl se korreksie op die gedagterigting van die afgelope jare, naamlik dat die kerk heeltemal moet afsien van *kerkvorming*. Die kerk moet nie meer bekeer nie en moet ophou om mense in 'n gemeente te versamel. Van Zyl gee toe aan die beskouing om die koninkryk van God sigbaar te maak en in 'n bepaalde gestalte te antisipeer. Maar dit is onmoontlik om die heerskappy van Christus te dien sonder om aandag te gee aan die kerk. Kerke en kerkhervorming het buitengewone betekenis vir die verwesenliking van die doel van die sending (Van Zyl 1973:7). Daarmee bedoel Van Zyl nie dat kerkvorming die doel van die sending is nie. Dit sou dieselfde vergissing as dié van Voetius en ook later teoloë wees wat die *plantatio ecclesiae* as doelstelling van die sending gefundeer het. Teenoor die ekumeniese teologie wat onder invloed van die teologie van die godsdiens en die teologie van die sekularisasie die noodsaak van die kerk uitskakel en vir wie dit in die sending nou eensydig om die wêreld gaan, stel Van Zyl die duidelike getuienis van die Bybel dat die werklikheid en noodsaaklikheid van die kerk nooit kan verdwyn as die sendingdoel verwesenlik wil word nie (Van Zyl 1973:16).

## Enkele sendingteologiese vraagstellings

Prof Van Zyl se sendingteologie word verder ontplooi daar waar hy besig is met die Bybelgefundeerde deurdenking van die sendingprobleme, sendingbeleid en sendingbenadering. 'n Hele reeks vrae wat die kerk nog altyd vergesel het in die uitvoering van sy apostoliese taak en roeping, kom hier aan die orde.

*– Eenheid en sending*

Die denke oor die eenheid van die kerk was veral sedert 1910 nou vervleg met dié oor die kerk se sendingwerk. Ná die Tweede Wêreldoorlog het die denke oor die eenheid van die kerk en die eenheid van die mensdom al hoe meer 'n oorheersende plek in die ekumeniese sendingteologie ingeneem. Prof Van Zyl sou hom uit die staanspoor ondubbelsinnig teen sekere van die nuanses in dié eenheidsdenke afgrens.

In die antwoord wat deur die kerk op die Woord van God gegee word, kan daar net maar één doop wees en is daar net één Heer van die kerk (Van Zyl 1973:19). Maar hierdie eenheid in geloof en waarheid laat ruimte vir verskeidenheid in organisasie en inrigting. Die situasie van taal en kultuur noodsaak 'n variasie in kerklike organisasie. Eenheid in geloof en belydenis vereis nie noodwendig eenheid in organisasie nie.

Teenoor die Rooms-Katolieke Kerk wat die instituut of kerkverband as noodsaaklik vir die uitdrukking van die eenheid van die kerk onderstreep, stel Van Zyl die Protestantse visie wat ruimte laat vir verskeidenheid in die eenheid. Die eenheid van die kerk is nie geleë in die bymekaarwees van lidmate nie, maar in die eenheid van die getuienis wat deur die kerk gelewer word. Die eenheid van die kerk is nie iets wat vir die wêreld sigbaar gemaak kan word nie. Jesus bid nie vir die eenheid van die kerk sodat die wêreld dit mag sien nie, maar dat die wêreld kan gló. Geloof is egter nooit gegrond op wat 'n mens sien nie, maar op wat hy hoor. Die wêreld kan geen verskil sien tussen gelowiges wat bymekaar is en enige ander groep mense wat saamkom om hulle sake te bespreek nie. Die waarheid waarin die eenheid van die kerk geleë is, is nie sigbaar vir die wêreld nie. Dit is alleen sigbaar vir die gelowiges en dit is ook alleen in die geloof sigbaar.

Alle kerklike verskeidenheid op organisatoriese vlak, wat nie 'n belemmering is vir die verkondiging van die evangelie nie, is nie in stryd met die eenheid van die kerk wat ons bely nie. Die ware eenheid van die kerk lê op die vertikale lyn, dit is 'n eenheid in die waarheid, 'n geloofseenheid. Hieruit is dit dan duidelik waarom Van Zyl nie kan aanvaar dat dit die kerk se taak is om op revolusionêre wyse 'n nuwe wêreldgemeenskap te forseer nie.

> Uit wat hierbo gesê is oor die eenheid in die liggaam van Christus, is een ding duidelik: dat dit nie die vermoë en daarom ook nie die taak van die kerk is om die verlore eenheid van die mensheid en die gebroke gemeenskap met God te herstel nie. Christus het dit reeds gedoen, Hy doen dit nou en Hy sal dit in die toekoms doen en die kerk kan dit alleen as goeie boodskap betuig en verkondig. Alleen in die getroue verkondiging van die evangelie van die kruis word die kerk gedien en

> gebou en daarin, in die eenheid van die kerk, 'n eenheid in die Heer van die kerk van wie die kerk die liggaam is, lê die moontlikheid vir die herstel van die verlore eenheid van die mensheid. Derhalwe in Christus, in die kennis van Sy Naam, in die groei na Hom, die Hoof, toe, in die opbou van die liggaam van Christus en nie in die opbou van 'n nuwe samelewing nie, moet die eenheid van die mensheid gesoek word. Hierdie eenheid geskied nie met ontkenning van die verskeidenheid onder die volke nie, maar ondanks die verskeidenheid. Eenheid beteken beslis nie opheffing van identiteit nie. In Christus is daar nòg man, nòg vrou, maar dit beteken nie dat 'n man nie meer 'n man en 'n vrou nie meer 'n vrou is nie.
>
> (Van Zyl 1970:62)

Ná 'n grondige ondersoek na wat Calvyn oor die eenheid van die kerk geleer het, kom prof Van Zyl tot die slotsom dat die afwyking van die Reformatoriese siening oor die eenheid van die kerk by die ekumene na Nieu-Delhi in veral twee tendense sigbaar word. Die eerste is in die wegbeweeg van evangehsasie na humanisme. Die tweede is die uitbreiding van die ekumeniese strewe. Dit gaan nie meer om die eenheid van die Christelike kerke nie, maar om 'n eenheid van álle mense, van álle gelowe en ideologië (Van Zyl 1979:87).

Prof Van Zyl se afgrensing teen die ekumeniese dwalinge het egter nooit daartoe gelei dat hy die ekumeniese beweging as van geen betekenis meer geag het nie. Hy was steeds oortuig dat elke kerk deeglik van die ekumeniese teologie moet kennisneem. Die kerk en die teologie se ondersoek na die betekenis van die ekumene moet nie so vol vooroordeel wees dat dit heimlik maar net die doel het om die vooroordele te versterk nie (Van Zyl 1965:60).

– *Die aanknopingspunt*

Daar is reeds op gewys dat Van Zyl vanuit sy teologie van die Woord die gedagte van 'n sintese, 'n kontinuïteit tussen skepsel en Skepper ontken. Net so ontken hy ook die sogenaamde antropologiese fundering van die sending, soos dit onder andere in die sendingteologie van Gustav Warneck gefigureer het.

In die skepping van die mens na die beeld van God, het Warneck 'n krag gevind wat nie deur die sonde vernietig kan word nie. Ook die gevalle mens, selfs die heiden, bly wesensverwant met God en daarom nie net vol heimwee na God nie, maar ook vol aanleg vir God. Die verlore wêreld en mens is daarom nie net verlossingsbehoeftig nie, maar ook verlossingsbekwaam. Daar is in hom 'n aanleg vir die genade, 'n aanknopingspunt vir die Woord van God. Die moontlikheid vir sending word

dan antropologies so gefundeer dat daar by die heiden nog 'n terugweg vermoed kan word, hoewel hy die weg nie self kan vind nie.

Hierteenoor stel Van Zyl die visie van die Bybels-Reformatoriese teologie. Op die vraag hoe dit moontlik is om 'n heiden aan te spreek en hoe hy die geloof kan aanneem, het die reformatoriese teologie nooit met 'n teorie oor aanknopingspunte en aanleg geantwoord nie. Die geloofsmoontlikheid lê nie in die mens nie, maar in die werk en die werklikheid van die Heilige Gees (Van Zyl 1970:58). Die brug wat gekonstrueer word en die aanknopingspunt wat geponeer word tussen die evangelie en die hoë en goeie elemente in die heidense godsdiens en denke, moet deurbreek word. Van Zyl (1962:4) sê dat die harde les in meer as 'n eeu van sendingwerk geleer is dat hierdie brugbouery nie net teologies nie, maar ook psigologies onhoudbaar is. Dit is alleen vanuit die geloof in Jesus Christus dat daar hoegenaamd van 'n aanknopingspunt sprake kan wees.

> Hierdie probleem kan eintlik net dialekties opgelos word. Aan die een kant moet 'n aanknopingspunt as selfstandige en aanwysbare kwaliteit in die mens, soos byvoorbeeld die gewete, beslis afgewys word. Die mens is vanweë sy sonde en skuld dood, en daarom besit hy geen vermoë meer vir die evangelie nie. Geen dooie het nog positiewe vermoëns oor nie. Aan die ander kant moet 'n aanknopingspunt aanvaar word, want inderdaad word die evangelie gehoor en aanvaar. Vanuit die werklikheid van die geloof moet daar gekonkludeer word tot die moontlikheid van 'n aanknopingspunt. Maar hierdie aanknopingspunt is geen aanwysbare moontlikheid in die mens, los van die voltrekking daarvan in die werklikheid van die geloof nie. Daarom is dit 'n aanknopingspunt wat deur God self geskep word deur die verborge werking van die Heilige Gees. 'n Mens hoor sy geluid, sien sy uitwerking, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie.
>
> (Van Zyl 1973:10)

Van die uitsprake in Romeine 1:19, 20 en Romeine 2:14, 15 sê Van Zyl (1976a:194), moet nie te veel gemaak word nie. Daaruit kan geen algemene, natuurlike godskennis, geen grond vir 'n aanknopingspunt, geen kontinuïteit tussen heidendom en die reddende godskennis afgelei word nie. Aan die ander kant moet ook nie te min van hierdie uitsprake gemaak word nie. Hulle is wel belangrik sodat die mens hom nie in sy heidendom met die argument van onkunde sou kon verontskuldig nie.

– *Woord en diens*

Wat sedert 1928 by die Jerusalem-konferensie met die begrip 'komprehensiewe benadering' aangedui is, het behoue gebly in die diskussies wat later gevoer is rondom die term 'Woord en diens'. Van Zyl het die eensydighede wat dikwels in dié diskussie na vore tree, gou raakgesien en onder woorde gebring.

Deur sommige word al die klem op die diens gelê. Sosiale verandering word die korrelaat van evangelieverkondiging gemaak. Die Woord is glad nie meer noodsaaklik nie. Die allesoorheersende probleem is die ontwikkeling van die derde Wêreld en dit bepaal die opdrag van die kerk in die wêreld. Daarteenoor is die ander standpunt wat weier om die sending te laat degradeer tot 'n sosiaal-diakoniese of revolusionêre beweging. Die kerk moet net op verkondiging konsentreer.

Van Zyl stel dit dat albei hierdie standpunte eensydig is. Dit stel 'n valse alternatief en laat nie reg geskied aan die saak waarom dit gaan nie (Van Zyl 1975:16). Hy sien 'n noodsaaklike verband tussen Woord en diens. Die kerk kan nie sy oë sluit vir die fisieke nood waarin die mens aan wie hy die evangelie verkondig, verkeer nie. Die kerk kan nie net die barmhartigheid van God verkondig nie, hy moet dit self ook betoon. Daar moet in die sending plek wees vir Woord en diens, sonder dat die een ten koste van die ander beklemtoon word. Die balans wat Van Zyl sien tussen Woord en diens druk hy in die volgende gedeelte uit:

> En hoewel ons die 'secular meaning' wat Van Buren en andere aan die 'gospel' wil gee, moet verwerp, sal die kerk in sy verkondiging seker nie kan nalaat om ook die volle lig te laat val op die mens in sy aardse en sosiale verhoudings nie. Die kerk het 'n taak op die sosiale vlak, maar sê dat hy nie ideale sosiale verhoudinge as antisipasie of realisasie van die Koninkryk van God sal beskou nie, maar as barmhartigheidsdiens waarmee hy besig moet wees in afwagting van die koms van Sy Heer, wat self die Koninkryk bring.
>
> (Van Zyl 1967:125)

Hoewel Van Zyl aanvaar dat die kerk nie ongeërg by die sosiale en fisieke nood van die mens aan wie hy verkondig, kan verbygaan nie, maar hom in sy barmhartigheidsdiens ontfermend moet tegemoet tree, het hy ingesien dat dit prinsipieel iets anders is as wat gaandeweg by die ekumene as 'daad-teologie' bekend sou staan.

Dat die kerk 'n stem het, is sy kosbaarste besit en om te spreek in die wêreld is sy primêre en hoogste roeping. Die kerk sal vandag nougeset moet toesien dat hierdie besit, reg en vryheid hom nie ontneem word nie. Hy sal moet waak teen die versoeking om in plaas van kerk van die Woord, kerk van die daad te word. Die kerk het nog altyd meer bereik deur wat hy gesê het as deur wat hy gedoen het. Die krag

van die kerk is geleë in die Woord wat hy verkondig en nie in die daad wat hy doen nie (Van Zyl 1976b:95).

– *Kerk en wêreld*

Die verhouding kerk-wêreld is een van die knellendste vraagstukke in die hedendaagse teologie. Aan die begin van hierdie eeu was die aandag veral gevestig op die sending. In die jare dertig verskuif die fokus na die kerk. Ná die Tweede Wêreldoorlog is die klem al hoe meer verskuif na die wêreld.

Deur die invloed van die teologie van die godsdiens en die teologie van die sekularisasie het daar in die siening van die verhouding kerk-wêreld gaandeweg radikale verandering ingetree. Die ontsporing wat as gevolg van hierdie revolusionêre ontwikkeling en klemverskuiwing by die ekumene ingetree het, is deur prof Van Zyl skerp onder woorde gebring.

Die uitgangspunt in die teologie van die sekularisasie is dat die wêreld deur die sekularisasieproses ontgod, ontdemoniseer en daarom gedesakraliseer is. Normaalweg volg hierdie prosesse op die verkondiging van die evangelie in die wêreld. Nou word egter gekonkludeer dat die evangelie *incognito* teenwoordig is in die wetenskap en tegniek as die gesekulariseerde gestaltes van die Westerse geskiedenis. In die sekularisasie van die Wêreld is 'n anonieme Christelike suurdeeg aanwesig wat prosesmatig die wêreld deurtrek. Daarom het die verkondiging en daarmee ook die kerk, as draer van die verkondiging, oorbodig geword. As sending immers 'n proses geword het wat volgens eie wette verloop, is sending in die sin van verkondiging nie meer nodig nie. As die wêreld self besig is om Christelik te word, is daar geen noodsaak om langer 'n teenstelling tussen kerk en wêreld te handhaaf nie. Kerk en wêreld staan nie meer teenoor mekaar nie, maar vorm 'n diepgrondige samehang. Dit gaan nie om kerkwording van die wêreld nie, maar om wêreldwording van die kerk. Die kerk se enigste taak in hierdie proses is om 'n bydrae te probeer lewer tot die daarstelling van 'n medemenslike gemeenskap. Stigting van kerke in Afrika en Asië het nie meer sin nie. God spreek nie meer net deur die kerk met die wêreld nie, maar ook deur die wêreld en die ander godsdienste met die kerk.

Prof Van Zyl het duidelik ingesien dat in hierdie teologie nie net die bestaan van die kerk en sy sending opgehef word nie, maar dat dit ook hier is waar die wortels van die teologie van die revolusie gesoek moet word (Van Zyl 1973:15). Die kerk se oorblywende taak lê nou op die gebied tot bevryding van die onderdrukte. Daarom moet die kerk hom stel aan die kant van diegene wat stry vir bevryding. Die slawerny van die sonde het hier op die agtergrond geraak. Al wat oorgebly het, is 'n politieke en ekonomiese slawerny:

> As ek die dieperliggende probleem van ons tema moet formuleer, sou ek dit só wou stel: Die oorheersende opvatting vandag is dat dit glad nie meer gaan om die stem van die kerk in die wêreld nie, maar om die daad van die kerk in die wêreld. Dit gaan nie meer primêr om prediking van die evangelie nie, maar om die Christelike handeling.
> (Van Zyl 1976b:92)

– *Volkskerk*

Dit is ook nodig om enkele opmerkings te maak oor prof Van Zyl se siening oor die volkskerk, veral na aanleiding van die verwysing na 'volkskerk' in Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

In artikel III sien prof Van Zyl 'n uitdrukking van die Hervormde Kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike heil van die nie-blanke volke in Suid-Afrika. Hoewel die Nederduitsch Hervormde Kerk homself nie anders ken as kerk vir die Afrikaner nie, wil hy die evangelie nie net vir homself hou nie en die kerk van Christus nie tot die Afrikanervolk beperk nie. Die Hervormde Kerk wil help dat die een kerk van die Here ook onder ander volke gestalte sal aanneem (Van Zyl 1978b:264). In die uitlewing van hierdie roeping het die Hervormde Kerk doelbewus gekies vir die gestalte van die volkskerk.

Omdat die kerk van die Here kerk in die wêreld en kerk vir die wêreld is, reken die Hervormde Kerk dat sy lewe en werk binne die konkrete situasie waarin hy kerk moet wees, die ordelikste en die doeltreffendste in die gestalte van 'n volkskerk kan geskied. Die konkrete lewens- en werksruimte in Suid-Afrika vertoon immers 'n diversiteit van volke, tale en kulture. En aangesien duidelike en verstaanbare verkondiging van die Woord, sowel as die onderlinge opbou van mekaar binne die gemeenskap van die gelowiges tot die mees wesenlike roeping van die kerk behoort, wou die Hervormde Kerk in die uitvoering van sy taak altyd volksgerig wees (Van Zyl 1989:86).

As prof Van Zyl van die Hervormde Kerk as volkskerk praat, grens hy homself duidelik af van die volkskerk waarteen Abraham Kuyper hom so fel verset het. In die woord 'volkskerk' val die klem volgens Van Zyl nie op die volk nie, maar op die kerk. Enige kerk, vrye kerk of volkskerk, kan alleen eiendom van die Drie-enige God wees. As die Hervormde Kerk van homself as volkskerk praat, staan volk hier nie in eiendomsverband nie maar in rigtingverband as die objek waarop kerklike prediking en pastorale sorg gerig is (Van Zyl 1989:90). As volkskerk wil die Hervormde Kerk die waarheid van die evangelie na die hart van elke mens en volk

bring en wil hy ingaan in al die geledinge van 'n volk, sodat die hele volk onder die beloftes en die tyd van die Woord gestel kan word.

'n Volkskerk is nie 'n kerk wat die ideale en strewes van 'n bepaalde volk norm van sy doen en late laat wees nie, maar 'n kerk wat werk om die hele volk uiteindelik te kersten. Daarom wil hierdie tipe kerk voortdurend werk aan die kerstening en die reformasie van die hele volk in alle verbande en wil dit ook die kerk van die Here in hierdie gestalte 'n werklikheid laat word onder ander volke wat in aard, taal en kultuur heeltemal anders as ander volke is. Die gevaar dat 'n volkskerk te aards kan word is groot, maar daarteen moet voortdurend gewaak en gestry word. Dit kan alleen suksesvol geskied as in gedagte gehou word dat die kerk slegs kerk van die Here kan wees en dat sy grense alleen deur verkiesing en die genadeverbond bepaal word. Sy lidmaatskap kan nie anders bepaal word nie as wat geldend is vir die een kerk van die Here, oral en altyd (Van Zyl 1989:93).

## Samevatting

Prof Van Zyl se sendingwetenskaplike denke het sedert die einde van die veertigerjare duidelik koers aan die Hervormde Kerk se sendingwerk help gee. Oor die sendingpoging van die Nederduitsch Hervormde Kerk was hy beskeie, maar soos altyd, eerlik:

> Ons kan dit só stel, dat ons kerk nooit eerste fase sending bedryf het, in dié sin dat iemand uit eie geledere iewers die evangelie gaan verkondig het met soveel vrug dat daar 'n eie kerk ontstaan het nie. Veeleer begin ons eie sending by die tweede fase, toe daar reeds onder die heidendom 'n kerk ontstaan het. God het in sy groot genade 'n stukkie van daardie kerk ons laat toeval. Ons kerk se sendingarbeid lê dus meer in die bydrae wat hy lewer om die bestaande kerk op te bou en te laat groei na Christus toe...Hier by die opleiding bestaan, gesien ons kerk se besondere sendingbeleid, die enigste kontakpunt met die heidenwêreld waardeur die krag van die evangelie kan vloei. As die weg na die nie-blanke heidendom vir ons oop wil bly, is dit belangrik dat hierdie kontakpunt so lank moontlik in stand gehou word. Die opleiding is so 'n belangrike saak dat dit 'n selfstandige handeling vereis. Daaroor kan hier nie gehandel word nie. Dit wil my egter voorkom of die ekumeniese moment hier behou, en indien moontlik, uitgebrei moet word.
>
> (Van Zyl 1972b:181)

Prof Van Zyl het voortgebou op die stewige sendingwetenskaplike fondament wat deur sy voorganger en promotor, wyle prof H P Wolmarans, gelê is. Dat Van Zyl se sendingteologiese werk wyer omvang bereik het as dié van Wolmarans, is onder andere meegebring deur die konfrontasie met die revolusionêre ontwikkelinge in die ekumeniese sendingteologie ná die Tweede Wêreldoorlog. Hy was gedwing om hom in sy sendingteologiese werk skerp teen dié revolusionêre ontwikkeling af te grens. Dat hy dit gedoen het, is een van die redes waarom Van Zyl se sendingteologiese arbeid nie 'n baie wyer bekendstelling en erkenning geniet het nie. Dit is jammer. Die sendingteologie sou vandag baie ryker wees as dit nie net waarde geheg het aan teologiese diepgang nie, maar ook aan teologiese ewewig.

## TEN SLOTTE

In sy teologiese arbeid het professor Frans van Zyl diep geploeg. Sy lesings was gelaai met diepsinnigheid. Na twintig jaar is baie min daarom verouderd. Deur sy talle artikels in kerklike publikasies en voordragte tydens vergadering, het hy ook op die wyere teologiese denke en ontwikkeling in die Nederduitsch Hervormde Kerk sterk invloed uitgeoefen.

Wanneer deur sy lys van publikasies gekyk word, val dit op dat hy hoofsaaklik vir 'n kerklike leserskring geskryf het en dat hy nie juis in vakgenootlike gesprekvoering betrokke geraak het nie. Dit is in ooreenstemming met sy algemene houding: allereers in diens van die kerk en daarna teoloog.

Teologie word ook nie onafhanklik van die kerk bedryf nie, omdat teologie se roeping dié van dienskneg en nie van koning is nie. Dit kan nie 'n doel op sigself wees nie – slegs 'n implement in die opbou van die wingerd.

Prof Van Zyl se loopbaan as teoloog kan nie losgemaak word van sy diep-gelowige lewenshouding nie. Sy voordragte, in die klas en voor vergaderings, het daarvan getuig dat die waarhede van die evangelie vir hom 'n deurleefde werklikheid is wat aangryp en ontroer. Teologie word vir hom nie anders gemotiveer as deur die geloof in die God van die evangelie nie. Dit is uiteindelik 'n naïewe geloof, selfs vir hom wat deur die loutervuur van die kritiese geleerdheid gegaan het. Geloof kan nie geanker word aan of geverifieer word deur 'n objektief-heilige boek of instellings nie, maar leef uit die daaglikse ontmoeting met God Drie-enig. Hy is die laaste Regter oor menslike bouwerk en 'prestasies'.

Literatuurverwysings

Van Zyl, F J 1941. Verontrustende tekens. *Die Hervormer* 32/76, bl 15-17.

--- 1942a. Ons Kerk en ons volk. *Almanak* 36, 58-62.

--- 1942b. Die Kerk aan die ekonomiese front. *Die Hervormer* 33/7, bl 10-11.

--- 1944. Die Skrifbeskouing van Karl Barth. *HTS* 1/3, 124-135.

--- 1951. Die klein opkomsie. *Die Hervormer* 42/6, bl 6.

--- 1951/1952. Ek glo ... 'n kerk. *Die Hervormer* 42/8-42/12.

--- 1952. 'n Besoek aan die sendingveld in Zoeloeland 19 Februarie 1952. *Die Hervormer* 43/2, bl 7.

--- 1953. Die roeping en taak van die Kerk vandag. *Die Hervormer* 43/12, bl 1.

--- 1959. Die teologie van die Woord en die figuur van die onmiddellike. *HTS* 15/2,3 & 4, 149-157.

--- 1962. Die Trojaanse perd in die teologie. *HTS* 18/1 & 2, 1-11.

--- 1965. Die ekumene: Inhoud en grense van die begrip. *HTS* 21/2 & 3, 60-66.

--- 1967. Die Reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. *HTS* 23/3, 113-125.

--- 1970. Sendingperspektiewe in Genesis 1-11. *HTS* 26/1 & 2, 54-62.

--- 1972a. Die plek van die sending in die lewe van die kerk. Ongepubliseerde kernaantekeninge, Universiteit van Pretoria.

--- 1972b. Die sendingtaak van die kerk: 'n Prinsipiële behandeling. *HTS* 28/5, 173-182.

--- 1973. Godsdienswetenskap en godsdiensfilosofie, in Eybers, I (red), *Inleiding in die teologie*, hfst 8. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

--- 1975. Sending as werk van die kerk. Ongepubliseerde kernaantekeninge, Universiteit van Pretoria.

--- 1976a. Bekering van die heiden. *HTS* 32/3 & 4, 192- 197.

--- 1976b. Die stem van die kerk in die wêreld. *HTS* 32/1 & 2, 85-96.

--- 1977. Hedendaagse denke oor die sending het die spoor byster geraak. *Die Hervormer* 68/2, bl 2.

--- 1978a. Die betekenis van die filosofie vir die teologie volgens Karl Barth en Paul Tillich. *HTS* 34/3, 59-66.

--- 1978b. Herderlike skrywe, in Van Wyk, D J C (red), *Stemme uit die verlede*, 258-272. Pretoria: HAUM.

--- 1979. Calvyn en die ekumene. *HTS* 35/1 & 2, 76-87.

--- 1989. Volkskerk en vrye kerk, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 86-98. Pretoria: KITAL.